



RANDOMNUUS

AUGUST 2021
TRIENNIAL NEWSLETTER

IN HIERDIE UITGAWE

01 — FOKUS

Pieter Du Toit Sr - Besturende Direkteur: Dutoit Groep

Willem Coetzee - Hoofuitvoerende Beamppte: Dutoit Agri

03 — DIE KOLLIG

Dutoit Vrouedag

Healthcare Workers

07 — DIE ARGIEF

Gys Du Toit Sr

09 — AFDELINGNUUS

Nooitgedacht

Tandfontein

Paardekloof

Sneeuwkop

Oos-Kaap

Dutoit Vrugte

23 — ALGEMEEN

Youth Day

Apple Pie Day

25 — ONS GEMEENSKAP

Covid-19 Inenting

Mandela Dag

Bewaarskole

Piet Stassen Huldeblyk

Voorblad foto deur Mabru Marais

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

**DEDICATION
ALWAYS SHOWS**



PIETER DU TOIT

NUWE SEISOEN

Die winter is besig met sy stuiptrekkings en so ook ons finansiële jaar wat op 31 Augustus 2021 geëindig het. Hierdie tyd van die jaar maak my opgewonde en vol verwagtinge. Die natuur kondig die nuwe seisoen aan en ons kan met 'n nuwe begroting begin. 'n Weldeurdagte plan waarteen ons kan meet en presteer.

Een van my gunsteling denkers oor bestuur, Jim Collins, reken dat maatskappye wie super presteer nie meer geluk aan hul kant as onder presteerders het nie. Hul gebruik net elke geleentheid beter. **Daarom, wees voorbereid dat, indien die geluk jou kant toe kom, jy dit ten volle kan benut!**

Ons voel seker almal dat die Covid-19 ons voorspoed, geluk en tyd kom steel het! Daarom was dit vir my so lekker om te lees wat Prof Marc Whittman hieroor skryf. Hy sê: **"If nothing meaningful has happened, we don't have anything our brain can record, and time subjectively shrinks."**

Daarom gee hy die volgende wenke:

1. Swaai jou roetine om
2. Reis - (verantwoordelik)
3. Deel jou doelwitte op in klein bereikbare stukke en merk dit af
4. Neem aktief nuwe dinge waar
5. Neem foto's
6. Wees sag op jouself

Tydens ons jaarlikse Strategiese beplanningssessie het dit net weer duidelik geword dat ons nie kan bekostig om vas te val in die negatiewe spiraal van die politiek en onvermoë van ons regering nie. **Ons moet aanhou bou aan ons maatskappye en 'n positiewe invloed versprei in ons onmiddellike omgewing.** Hierdie vertroue word bewys deurdat ons beplan om die grootste kapitaal spandering in die geskiedenis van die Dutoit Groep in 2022 aan te pak. Daar is dus glad nie plek vir negatiewiteit oor die toekoms nie.



WILLEM COETZEE

DANKBAARHEID

Augustus maand is vroue maand en hierdie jaar het ons dit weer gevier deur aan elke dame in ons besigheid erkenning te gee met die oorhandiging van 'n klein vetplantjie. Die simboliek van deursettingsvermoë, geduld en ondersteuning word hiermee uitgebeeld. Hierdie eienskappe is van kritiese belang vir ons besigheid waar ons daaglik met 'n klomp veranderlikes, bv natuurelemente, gekonfronteer word. Nie net verrig julle baie keer van die belangrikste take in ons besigheid nie, maar julle doen dit op 'n wyse wat ons waardes en hierdie eienskappe na buite uitstraal.

In my eie lewe is dit die rolle van my ma, my vrou en haar ouma wat onmisbaar is. Ouma Vesta se wysheid en nederigheid sal my altyd bybly! Op 102 jarige ouderdom gee sy my nog gereeld perspektief op die lewe en inspireer sy so baie ander jonger as sy. "My kind, daar is altyd iets om voor dankbaar te wees", het sy ons onlangs nog weer herinner.


Baie dankie aan elkeen van die vrouens in ons besigheid en lewens. Julle lewer nie net daaglik 'n waardevolle bydra nie, maar verskaf ook kleur aan ons manne se vaal wêreld. Hou asb aan BLOM waar jy is; ons waardeer julle!

Augustus maand is ook die laaste maand van ons finansiële jaar en ten spyte van die uitdagings van hael (Langkloof), taai markte, produk kwaliteit en logistieke probleme, kan ons steeds terugkyk met dankbaarheid vir so baie seëninge. Die belangrikste hiervan seker ons gesondheid en werksomstandighede in tye waar die pandemie steeds baie onsekerhede en uitdagings aan ons bied, by die huis en ook by die werk. Ons dank ons Hemelse Vader hiervoor.

Ons kyk vorentoe met opgewondenheid. Die winterkoue en reëns in die Wes-Kaap het damvlakke en vooruitsigte vir ons nuwe seisoen op 'n positiewe noot afgeskop. Hoewel ons graag nog reën in die Oos-Kaap nodig, staan ons plaasdamvlakke ook hier beter as laasjaar dieselfde tyd en ons bly hoopvol dat verdere reëns ook die Haarlem- en Louterwaterdamme asook die Kouga (vir die sitrusboere) sal vul.

Dankie vir elk van jul bydraes die afgelope seisoen en dankie dat jy reeds help bou aan 'n nuwe seisoen wat ons kan ingaan met geloof, hoop en dankbaarheid.

Ons fasiliteite en mense ervaar orals die druk van volume en lang ure en ek is dankbaar om deel te wees van 'n span wat gedurig nuwe planne maak en 'n "can do"- gesindheid in tye soos hierdie openbaar.



On August 6th we celebrated the wonderful women at Dutoit. As a symbol of their strength, resilience and dedication, each of the incredible 2 556 ladies received a succulent as a reminder of how valuable they are. A special thank you to each woman at Dutoit who've played an incredible role in making this company succeed. You are truly appreciated for the value that you create. To all the remarkable women in our business, we hope you had a remarkable Women's Month. And remember - you are who you need to be.







HEALTHCARE WORKERS

Here's to our often-overlooked heroes: Healthcare Workers

A day in the life of healthcare workers in South African agriculture

South Africa, 5 August 2021: South Africa has a secret league of superheroes who rarely receive the praise they deserve. During Covid-19, they've been lifelines on the frontline, helping to curb the virus and bring hope and care to the communities they serve. Nurses play a pivotal – and serially under-rated – role, especially in remote regions. Dutoit Agri's nurses and healthcare workers – who serve various Dutoit farms in the Western and Eastern Cape – are the perfect example of this in action and a case study of why more farms should consider collaborating on much-needed clinics.

The nurses and healthcare workers operate the Dutoit clinics during weekdays, offering everything, from treatments for chronic back pain, HIV/Aids, and diabetes to family planning – and now vaccination roll-out. Dutoit started the various clinics on selected farms to answer the need for care, given the farms' remote locations. It's had a significant impact on people's quality of life, curbing absenteeism and upping productivity. For these healthcare workers, it's a calling.

This Women's Month, nurses Sophia Kotze and Brumilda Klein, and healthcare workers June Jantjies and Florence Hlomela, share insights into what life is like as a healthcare worker in one of South Africa's major farming companies:

A day in the life

The nurses drive about 700 km collectively each week between the clinics and the farms. They see about 35 patients daily at clinics on the smaller farms – and up to 90 in a day during harvest time at the bigger farms. A lot of the time, patients are as eager to seek an empathetic ear as they are to receive medical attention. Kotze says, "Some days, patients arrive with a headache and all they want is to talk to the nurse. They need an ear, not medication. We encourage them to talk and when they leave, they feel relieved and lighter."

Chronic back pain is patients' most common complaint, but people also come in for diabetes, high blood pressure and anti-retrovirals.

Klein says, "Our chronic patients need us the most. We are not at the clinic just to hand out medication, but to provide lifestyle assistance as well. Our most important role is to provide advice. Before Covid-19, we ran regular awareness campaigns, for example, teaching people with diabetes how to care for their feet, foods to avoid, etc. This kind of proactive help is where you really see the difference a healthcare worker can make."

Another vital role the nurses and healthcare fulfil is empowering women with family planning. Klein says, "Family planning should be every woman's choice. We don't offer the same solution to everyone; we take the person's needs into consideration." It's a critical service in communities where women would often otherwise struggle to receive counselling and regular access to the contraceptives they prefer.

Vaccination roll-out in remote regions

Now, the nurses and healthcare workers are focused on rolling out vaccines, "We've completed the vaccinations for the elderly. Funnily enough, it was the men who were scared! We provided as much information as possible to the patients. There were some quite heart-warming moments. At Sneeuokop Farm, there was one elderly gentleman who couldn't wait for his vaccine. He was ecstatic to receive it."

Kotze says the team took some strain, being healthcare workers on the frontlines. "We have our own families at home, so we're concerned about infecting loved ones. But Dutoit was wonderful and went above and beyond to put the right protocols in place and purchase the PPE we needed. When numbers in Ceres climbed, they asked our workforce to stay safe on the farms instead of going to shops in town, and they managed all the grocery shopping for their team. The support was incredible."


South Africa's farms need more nurses – so does the world at large

The World Health Organisation reported a global shortage of 5.9 million nurses in 2018. The South African Nursing Council found that in 2020, there was 1 nurse to every 213 people in the country. In the Northern Cape, this is 1 nurse to 350 people. Numbers of nurses in the country are decreasing. Daily Maverick cited an Australian study that demonstrates that the health cost savings that come from employing more nurses are double the cost of hiring them. It suggests the situation in South Africa would be similar.

Nurses like the Dutoit team are doing remarkable things in areas where access to care would otherwise be limited. It's imperative to attract more people into the profession, incentivise them to work in remote regions, and set up clinics in these areas for them to operate from. As Kotze says, "Having a healthcare worker or nurse on the farm lightens the load for the Department of Health's clinics and results in a happier, healthier, more productive workforce, which benefits the whole country."

Willem Coetzee, Chief Operating Officer at Dutoit Agri, says, "We've seen first-hand the difference it makes to offer a workforce ready and constant access to good healthcare interventions and treatment. During harvest season especially, when all hands are needed, it's a critical means of keeping a team well, motivated and productive. This improves the farm's overall productivity and yield. It's a sustainable way to serve a community, in a way that uplifts and benefits everyone."

**HERE'S TO ALL THE
NURSING SUPER-
HEROES. THE WORLD
NEEDS MORE OF YOU.**



GYDO PAS

HET JY GEWEET?

1849

Tydens die bou van Michells Pas, word Gydo Pas (ou pas) gebou deur Thomas Bain.

1938

Gydo Pas (nuwe pas) word herbou – langer roete, maar nie so steil nie.

1952

Gydo Pas word geteer. Die Kromfontein Pad word ook geteer (dit was 'n baie nou pad – moes aftrek om bymekaar verby te ry).

INTERESSANTHEDE

Waar kom die naam "GYDO" vandaan?
Gydouw (San taal)
Gy – Geel, vaal of grys kleur van grond.
Douw – Poort of deurgang
Gydo verwys ook na *plantspesie of steil Helling (San)*.

Daar kom baie fossiele voor in die omgewing van Gydo Pas (sandsteen en skalie formasies). Dit is ontdek tydens uitgrawings van die pas. Thomas Bain was 'n versamelaar van fossiele – vandaar sy belangstelling in Ceres en was dus die stigter van die dorp Ceres.

Wa-Bome kom voor in Gydo Pas as gevolg van die spesifieke grondtipes – waar wa-bome aard.

Wa-boom (Protea Nitida)

- Grootste protea plant.
- Groei net in sandsteen en semi-sandsteen gronde.
- Die ouer bome is semi-vuurbestand.
- Die wa-bome word baie oud.
- Die hout is gebruik vir waens se remme ("rims and brakes"). Dit is dan waar die naam vandaan kom.

Hiermee 'n ernstige beroep aan die Dutoit personeel. Bewaar die wa-bome, dit word baie vir vuurhout gebruik – dit word ten sterkste verbied!

Donkies was voorkeur trekkiers, omdat hul stadig "gevat" het – trek stadig weg op die steil ou pad.

DIE GYDO HANDELSMERK



Die plaas Nooitgedacht se naam was destyds Gydo. Die plaas was vir 'n periode in besit van die Murray-Familie van die konstruksie maatskappy, Murray & Roberts. Die plaas het sy eie pakhuis gehad. Gydo (plaas) het die handelsmerk gebruik vir bemarking van vrugte in Suid-Afrika.

Patrick de Wet van De Wet Vrugte het vir baie jare Dutoit se "jumble" vrugte gekoop. Hy het die vrugte op 'n stuk grond, op Dutoit Vrugte se perseel, verpak. Dutoit het toe besluit om self die "jumble" vrugte te bemark onder ons eie handelsmerk ("brand"). Gydo was reeds geregistreer en word toe hiervoor gebruik.

Die doel was om goeie eetgehalte vrugte via 'n bekostigbare kanaal op groot skaal aan arm mense te voorsien. Vandag word daar ongeveer 1.7m kartonne vrugte en ongeveer 0.5m sakkies groente deur die Gydo "brand" verkoop.



1991

NOOITGEDACHT



1991 TOT NOU

ARNO MARAIS

Nootitgedacht is op 15/07/1821 aan sy eerste eienaar, Jan Charl Hugo oorgedra. 'n Tweede gedeelte met die naam Gydo, net onder die huidige krag sub-stasie links op die Witzenberg afdraai, was die eiendom van Jan se broer, Frans Hugo. Gedurende 1890 is die heel eerste kersie boordjie in Suid-Afrika op Nootitgedacht geplant.

Op 15/06/1917 word Nootitgedacht en Gydo aan Elizabeth Hendrina van der Merwe verkoop, en begin haar een seun, Willem Jacobus van der Merwe op Gydo boer. Willem was alom bekend as oom Willie Gydo. Oom Willie was 'n ondernemende boer en het 'n nuwe kersieboord geplant wat besonder goed geaard en gedra het. Na vele mislukings met die verpakking van die kersies, kon hy daarin slaag om die verpakking so te verfyn dat hy sy kersie boerdery as 'n goudmyn beskryf het. Volgens 1939-40 se "The S.A. Fruit Exporters Directory and Guide" was Gydo, wat appels, pere, perskes en kersies verbou het, "The largest Grower and Packer of Cherries in the Union". Op 6 Maart 1947 ontvang oom Willie se vrou 'n brief van die Burgemeester van Kaapstad waarin hy, oorlede oom Willie bedank vir die boksie kersies wat oom Willie aan Koning George en koningin Elizabeth van Engeland geskenk het tydens hulle Suid-Afrikaanse besoek.

Op 1/07/1953 word Gydo verkoop aan Persephone Estates, 'n filiaal van die destydse Murray & Steward. Gedurende hierdie era word 'n kommersiële melkery begin, heelwat denneplantasies aangeplant, 'n houtverwerking aanleg gebou en 'n mooi dam gebou. Op 24/12/1987 word Persephone Estates, Gydo verkoop aan Pierre Conradie van Klein Pruiise. Gedurende hierdie era is verskeie vrugteboorde aangeplant en 'n Ile de France stoetery begin.



Ons storie begin 25/06/1991 toe Pierre Conradie Persephone Estates, Gydo aan Dutoit Groep verkoop. Dutoit Groep koop 4 Transportakte, nl Gydo, Nooitgedagt, Gedeelte 1 van Koele Fontein en Doornplaat. Die naam Gydo word verander na die oorspronklike Nooitgedagt, maar die spelling word verander na die huidige Nooitgedacht. Tydens die koop, het Nooitgedacht bestaan uit 72Ha boorde, ongeveer 175Ha denneplantasies met 'n paalverwerking-aanleg, 275Ha fynbos en heelwat berggrond. Verder was hier heelwat wonings en plaasgeboue, die melkery en die skaap-stoetery.

Nadat Dutoit Groep die boerdery-aktiwiteite oorgeneem het, is Jan Eksteen bevorder en van Paardekloof na Nooitgedacht verplaas en het hy verantwoordelikheid vir die bestuur van die landgoed geneem. Pietie Viola was reeds verantwoordelik vir die bosbou-afdeling en paalverwerking-aanleg. Boet Rabe skuif oor na Bosbou toe. Petru Wiese is as Produksiebestuurder saam met Dirk Groenewald, wat aangebly het, aangestel. Christelle Viola het die lone en winkel hanteer, Saartjie Gordon die ontvangs en Liana Wiese die IT. Jaco van der Merwe het later aangesluit as Werkwinkelbestuurder. Saam het hierdie span, onder leiding van Jan Eksteen, diep spore getrap. Jan, of soos ek hom geken het as oom Jan, was 'n baie goeie mentor, besonder gefokus op die mense en 'n groot drywer van vrug-kwaliteit, nie net op Nooitgedacht nie, maar ook in die Groep.

Gedurende die eerste twee jaar, is hier ontbos, die werf en woonbuurtes aan die kant gemaak, die skape en beeste verkoop en onproduktiewe boorde verwyder en het die landgoedbeplanning begin. 'n Baie volledige Ontwikkelingsplan is opgestel wat as meesterplan vir die ontwikkeling dien. Die plan is deur verskeie rolspelers opgestel en baie kenners is gebruik om alle fasette aan te

spreek, van denneplantasies, brandbestryding, paaie, woonbuurtes, bedryfswerf, elektrisiteitsvoorsiening, waternetwerke, rioolstelsels tot stormwater-hantering. Die groot fokus was natuurlik die boordontwikkeling. 'n Volledige meesterplan is opgetrek, met ry rigtings, dreinerings, plantafstand, kultivars, paaie, windbreke ens. in ag geneem. Ek moet werklik erkenning gee aan daardie span, want 30 jaar later gebruik ek nog baie gereeld hierdie meesterplan en gaan kyk ek gereeld na die beplanning en redenasies wat toe gevolg is.

Gedurende 1994 het die aanplantingsprogram begin, en moes heelwat denneplantasies plek maak vir vrugteboorde. Gedurende 1994-1996 is heelwat boorde aangeplant. Die grootste enkele aanplanting is gedurende 1997 gedoen, waartydens 62Ha se voorbereiding gedoen is en 48Ha geplant is. Die eerste fase appel- en peeraanplanting is gedurende 1999 voltooi. Tydens hierdie tyd is pomphuis gebou, die totale waternetwerk installeer, boorgate ontwikkel en is aandag aan die geboue en ander infrastruktuur gegee. Twee pragtige nuwe damme is gebou en een is vergroot. Die bedryfswerf het 'n metamorfose ondergaan en is baie aandag aan die estetiese en funksionaliteit van die geboue gegee. Mens kan amper nie glo dat vandag se geboue dieselfde werf uitmaak as dit wat oorspronklik hier was nie. Heelwat bates is gedurende hierdie tyd aangekoop, sodat die aanplantings geboer kon word. Soos met enige nuwe ontwikkeling, was daar ook baie innovasie en nuwe goed. Ek onthou dat Tienie du Preez by meer as een geleentheid gesê het dat Nooitgedacht die plaas is wat die meeste verander, want as hy hier gekom het of verby gery het, was daar weer noemenswaardige veranderinge. Gedurende 1997 skuif Bosbou, Pietie en Boet Rabe na Hamlet om Dutoit Houtnywerheid te begin.



Oorspronklike werf

Gedurende 1998 het Nooitgedacht en Dutoit se kersie-storie begin. Gys Sr en Jan Eksteen het gedroom om weer kersies op Nooitgedacht te vestig, het die Vrystaat besoek en planne begin maak en ondersoek gedoen. Piet Bosman wat intussen op Nooitgedacht aangesluit het, het 'n studie-reis na Amerika onderneem, en in 1998 is die eerste kersie boord geplant, 2.4Ha. Verskeie opleistelsels, alle moontlike kultivars, nete, plastiek, ens is in daardie blok getoets. Ons het baie in hierdie blok geleer, en gedurende 2003 het ons 10Ha kersies aangeplant. Dit was moeilike jare, want daar was nie werklike goeie plantmateriaal nie, en ons moes baie leer van 'n moeilike gewas. Sedertdien het ons baie geleer, ja ook baie foute gemaak, maar die fondasie is geskep waarop Dutoit ons kersiebedryf kon bou. Vir heelwat jare was Nooitgedacht die grootste kersie-eenheid in Suid-Afrika, en het ons een jaar amper 35% van al die kersies in Suid-Afrika produseer. Vandag behoort hierdie posisie as grootste eenheid in Suid-Afrika aan Excelsior. Ek is saam met die res van Dutoit baie trots op wat ons vermag en geleer het ten opsigte van die kersiebedryf.



10 Jaar viering

Agter: Gys du Toit Sr, Jaco van der Merwe, Marietjie van der Merwe, Petru Wiese, Liana Wiese, Jan Eksteen, Elna Eksteen, Jan-Linde du Toit. Voor: Pietie Viola, Christelle Viola, Arno Marais, Mabru Marais

Innovasie is deel van Nooitgedacht en sy mense. Ons weet dat mens nooit ophou leer nie en dat die wetenskap die spil is waarom boerdery draai. Ons strewe om aan te pas soos ons die wetenskap beter verstaan en soos wat omstandighede en weerskynsels verander. Ons is tans besig met 'n heel paar innoverende praktyke en ons glo dat dit ons help om beter te presteer en om uitnemend te wees. Dit is 'n groot voorreg om betrokke te kan wees in nuwe tegnologie en nuwe praktyke. Buiten dat Nooitgedacht 'n besonderse mooi landgoed is, glo ek dat sy mense gefokus is op die produsering van hoë kwaliteit vrugte op 'n koste-effektiewe grondslag.


Gedurende die afgelope 30 jaar, het Nooitgedacht vir 'n hele klompie mense 'n heenkome, tuiste en loopbaan gebied. Gedurende hierdie tyd, het naas die oorspronklike bestuur, ook Anton Bredell, Piet Bosman, Arno Marais, Carel Cronje, Wilhelm Winterbach, Mynhardt Botes, Albert Nieuwenhuis, Bernard Hofmeyer en Inga Dlumane hier 'n loopbaan in die vrugtebedryf begin of voortgesit. Heelwat jongmense het as Internskappe en Werkplek-ervarings hier die geleentheid gekry om 'n loopbaan in die vrugtebedryf te begin, en is waardevolle boerdery-kennis en waardes by hulle gevestig.

Ek is bevoorreg om op 1 September 2021, 21 jaar op Nooitgedacht te kan wees. Hier het ek en Mabru 'n tuiste gevind, ons kinders grootgemaak en 'n wonderlike loopbaan gebou. Nooitgedacht het ook oor die jare vir baie ander gesinne en individue 'n goeie werk en lewe gebied. Ek is baie trots op ons span mense. Ek dink ons word gekenmerk as 'n werkplek waar daar baie min struwelinge is, waar ons almal goed oor die weg kom en saamwerk aan ons gesamentlike doel.

Ek kan seker nie uitsonder nie, maar ek moet oom Jan noem. Nie net was hy vir my persoonlik 'n mentor en "pa" nie, maar ook vir heelwat ander mense. Hy was 'n goeie vrugteboer en het sy liefde vir boerdery hier uitgeleef. Baie geluk aan die Dutoit Familie wat 'n pragtige, maar ook baie produktiewe landgoed gebou het.

Ek wil graag ook vir Gys du Toit Sr gelukwens en bedank vir sy insette gedurende die 30 jaar. Hy het op sy kenmerkende, wyse en sistematiese werkwyse ongelooflike leiding gegee om Nooitgedacht in 'n "kom-kyk" landgoed te ontwikkel.

Ons wens is dat Nooitgedacht nog vir baie jare vir sy mense 'n tuiste sal wees en 'n wonderlike loopbaan sal bied. Ek bring hulde aan al die mense wat oor die jare hard gewerk het om hierdie 'n besonderse plaas te maak.



**MAG NOOITGEDACHT
EN SY MENSE ONS
ALMAL NOG LANK
TROTS MAAK.**

1. 'n Blick oor Nooitgedacht. 'n Gesig wat ons vul met dankbaarheid en sekerlik ook trots, en ons herinner dat hier hard gewerk is die afgelope 30 jaar.

2. Nooitgedacht bestuur: Heinie Rautenbach, Arno Marais, Albert Nieuwenhuis, Christelle Viola, Mabru Marais, Mynhardt Botes.

3. Personeellede wat vanaf 1991 werksaam is by Nooitgedacht: Saartjie Gordon, Christelle Viola, Dina Sass





Ons kyk op na vroue soos Bernadette. Hulle maak 'n groot verskil in ander se lewens en ook op die landgoed. Dankie Bernadette, jy is vir ons almal 'n voorbeeld.

UITMUNTENDE VROUE

MYNHARDT BOTES

Die rol van vroue in die gemeenskap gaan soms ongesiens verby, omrede hul nie 'n ophef maak nie en dit sonder beloning doen. Nooitgedacht het 'n paar vroue wat baie vir die gemeenskap beteken.

Een van hulle is Bernadette Hanse. Sy is een van die vroue wat ongesiens en sonder drama oral vasvat. Nie net by die reël van 'n geleentheid nie, maar ook waar siekte en hartseer is. Sy sal na 'n dag van harde werk vir iemand kos maak en help was. Haar omgee vir haar medemens is oneindigend. Sy bied hulp aan en gee vertroosting voor sy omsien na haarself.

Nie net na werksure nie, maar oor naweke ook. Terwyl ander besig is met naweek aktiwiteite, sal sy saam met die ouer mense en eensames koffie drink.

Bernadette is in haar persoonlike lewe al deur diep donker tye. Haar sterk geloof in ons Vader het vir haar deurgedra en lei haar vandag op die pad om ander te help waar sy kan. Hoewel Bernadette ook soms swaar kry, is sy altyd die een wat uitdeel en vir ander gee wat op daardie tydstip minder as sy het. Bernadette is tans deel van Nooitgedacht se monitor span en ook die QC span. Haar ywer en goeie positiewe persoonlikheid laat haar groei in enige taak wat sy verrig. Sy deel graag haar kennis met die jonger mense en help sodoende ander ook groei in die werkgebied. Ons kan sê dat Bernadette die BLOM waardes van Du Toit perfek uitleef.

BETROUBAAR

In enige taak en opdrag.

LOJAAL

Sy gee haar beste in 'n span en waar sy op haar eie werk.

ORDELIK

Sy vind tyd vir alles en almal in haar lewe en Nooitgedacht kom nooit 2de nie.

MENSWAARDIG

Sy sien die goed in almal en sal help opbou en omgee waar sy kan.

TANDFONTEIN



STUDIEHULP- SKEMA

MARIETTE LE ROUX

Die Dutoit Studiehulpskema is 'n inisiatief van Dutoit om kinders van kwalifiserende werknemers by te staan met lenings vir studiedoeleindes teen 'n bekostigbare rentekoers. Kinders wat graag wil studeer, kan via hulle ouers se afdelingsbestuurder aansoek doen vir die lening.

Met NSFAS wat deesdae studente help van ouers wie minder as R350 000 verdien, is die Studiehulpskema gereed om ouers verder by te staan. Byvoorbeeld, NSFAS laat weet eers laat in die jaar dat 'n beurs toegestaan is en intussen is daar dalk 'n boekedeposito betaalbaar. Baie studente moet ook privaat loseer omdat die plekke in koshuise oorvol is en verhuuringsmaatskappye of privaatpersone is nie bereid om te wag tot NSFAS eendag uitbetaal nie. In so 'n geval help die Skema uit met 'n tussentydse lening. Indien NSFAS dan wel uitbetaal, kom die gelde terug in die student se leningsrekening as 'n krediet.

Ouers wie meer as R350 000 per jaar per huishouding verdien, kwalifiseer nie vir die NSFAS skema nie. In sulke gevalle het ouers nodig om die totale bedrag of 'n groot gedeelte van die bedrag wat benodig word, te leen. Die Studiehulpskema word deur die Menslike Hulpbronne Departement geadministreer en gelde word direk aan die universiteite of kolleges en verhuuringsliggame uitbetaal en nie aan die ouer of student nie.

Aansoekvorms word jaarliks in September aan Afdelingshoofde uitgestuur en ouers van studente is welkom om via hierdie bestuurders of sy aangewese persoon aansoek te doen vir lenings vir 2022.

Wanneer word aansoek gedoen?

Jaarliks vanaf September tot Oktober.

Moet ek jaarliks aansoek doen as my kind vir meer as een jaar studeer?

Ja, daar word elke jaar net vir die volgende jaar begroot. Studente wie reeds by die skema is, kan vanaf hulle tweede jaar per brief aansoek doen vir die daaropvolgende jaar. Dit is baie belangrik dat die verwagte kostes of bedrag wat benodig word in die brief genoem word.

Foto: Baie geluk aan Unathi Matrose (dogter van President Matrose) wat haar Besigheid Bestuur Diploma verwerf het by Damelin College in Bloemfontein. Mag jy net sukses behaal.

Dutoit is trots om te kan sê dat ons deur die jare al 309 studente gehelp het met lenings. Sommige van hierdie studente is oor 'n tydperk van drie of meer jare gehelp.

PAARDEKLOOF



JEUGDAG

SOPHIA DE BRUIN

Paardekloof het Jeugdag vieringe die 16de Junie herdenk met 15 Tieners.

Ons het gefokus op Selfontdekking wat 'n vraelys ingesluit het. Die vraelys was baie oop en eerlik geantwoord, omdat dit anoniem voltooi was. Daardeur kon ons vastel wat hulle vrese en bekommernisse is, maar ook wat vir hulle lekker is. Die Tieners was baie deelnemend en ons kon maklik leemtes identifiseer en probeer aanspreuk. Die gevare asook gevolge van verkeerde keuses was ons tema.

Ons doel was om hulle voor te berei vir die Hoërskool en die lewe se uitdagings.

Ons het besluit om elke week bymekaar te kom sodat die groepie aktief bly. Voorstelle is gemaak oor wat ons kan doen. Dis nou al meer as twee maande later en ons gaan nog steeds aan.

Die volgende punte is bespreek:

1. Alles in die lewe verg opofferings.
2. Min dinge in die lewe is verniet.
3. Ons moet foute maak om lesse te leer.
4. Die lewe is te kort dat almal dieselfde foute kan maak.
5. Leer uit ander se foute en suksesse.
6. Respekteer jou liggaam sodat ander ook kan.
7. Die Duiwel was nog nooit lelik nie. Hy kom in die mooiste, lekkerste en aantreklikste vorm.
8. You only have to choose between two pains: "The Pain of Discipline and the Pain of Regret."

'n Fout word 'n les. Pyn word 'n doel. 'n Gemors word 'n boodskap. 'n Toets word 'n getuigskrif. Elke struikelblok word 'n geleentheid. Maak nie saak hoe sleg jou situasie is nie, neem die les.

TONY A. GASKINS JR

OES-AF VIERING

*Die Paardekloof Bestuurspan vier
die afsluit van 'n suksesvolle 2021
Oes-seisoen met 'n ete by die
Hamlet Country Lodge.*



UITMUNTENDE VROU

LENCHEN VISSER

SOPHIA DE BRUIN

Sophia werk al vir die afgelope 28 jaar, sedert 1993, vir Dutoit. Sy is 'n vrou, moeder van 3 en 'n gesiene leiersfiguur in die Paardekloof gemeenskap. Sophia is een van ons Gesondheidswerkers en sy vul hierdie pos al vanaf 2007 met passie en plesier. Sy is Sr. Klein se regterhand hier in die kliniek, asook Paardekloof se komitee Voorsitter. Gedurende oestyd speel sy ook 'n baie belangrike rol in die Laaistoor en QC-kamer en lewer 'n groot bydra om te verseker dat Paardekloof 'n suksesvolle oes het.

Sophia is altyd bereid om te help waar sy kan en stap altyd daardie ekstra myl met alles wat sy aanpak. Sy is hardwerkend, lojaal en jy kan altyd op haar staat maak om haar take korrek, tydig en netjies af te handel. Sy het baie goeie leiers-, organiserings- en kommunikasie-eienskappe en kom goed oor die weg met haar mede-kollegas en bestuur. Sophia het goeie waardes en sy stel 'n goeie voorbeeld vir die jongmense in ons gemeenskap.

Sophia het 'n baie positiewe gesindheid en uitkyk op die lewe! Sy is altyd 'n lekker "bok vir sports" en reël graag uitstappies vir die Paardekloof gemeenskap. Sy reël jaarlike spesiale projekte vir die jong en ou mense tydens Mandela en Jeugdag om hulle ook spesiaal en deel van die Paardekloof-familie te laat voel.

*Ons wil vir haar baie dankie sê vir alles wat sy vir
Paardekloof doen, binne en buite werksure. Ons
waardeer jou Sophia.*

SNEEUWKOP



UITMUNTENDE VROU

BESTUUR

FLORENCE HLOMELA

Florence is Sneeuwkop se Gesondheidswerker. Sy was deel van die eerste groep Gesondheidswerkers wat deur Dutoit opgelei is en is sedert 2008 getrou op haar pos. Sy hou van wat sy doen en dra die mense se gesondheid en welstand op die hart. Sy loop die ekstra myl om mense te kan help.

Florence is 'n baie intelligente vrou en doen ook verskeie ander take op Sneeuwkop. Sy neem verantwoordelikheid vir die uitdeel van chroniese medisyne en HIV medikasie asook gereelde besoeke en bloeddrukmetings en suikertoetsings van die ouer mense. Sy help met die algemene higiëne en inspeksie van die seisoenswerkers se huise. Sy is ook betrokke by die Werkers- en Diensgelyheidskomitee asook die GOB.

Florence neem leiding, saam met die voormanne wanneer mense vir die seisoen in diens geneem word, met die induksieproses. Kinders is ook haar sagentpunt. Sy het bv. as 'n projek met hulle gaan stap, in gesprek help sy hulle met raad en probleme. Sy bespreek onder andere opvoedkundige punte soos gesondheid, dwelmmisbruik en kwessies soos tiener swangerskappe. Sy is beslis 'n staatmaker!

OOS-KAAP

GEWIGSVIERIES KOMPETISIE

GEORGE BOKKIES



Ons jaarlikse Gesondheidsdag is deur 'n Gewigsveries Kompetisie vervang. Die kompetisie het vanaf Januarie tot einde Mei geduur. Daar is gefokus op gesonde eetgewoontes, belangrikheid van water inneem en oefeninge. Die gesondheidswerkers het in hul voorligtingspraatjies die informasie aan elke afdeling deurgegee en elke persoon het sy eie program gevolg. Daar was natuurlik uitdagings soos kultuur gewoontes wat mense nie laat deelneem het nie. Daar was tesame 165.9kg verloor. "n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees".

Wenner: Lorinda Jacobs | 2de: Ndikho Dulaze | 3de: Maria Palmer | Welgedaan aan elke deelnemer!



DUTOIT VRUGTE

UITMUNTENDE VROU

BESTUUR



HERMIEN SWARTS

Hermien is 'n besondere stil persoon. Sy is nie iemand wat elke dag in die kollig wil wees nie of eie ek is nie. In haar stilte en op haar eie vermoë sy baie. Sy neem inisiatief sonder om gevra te word en daar is niks wat sy as vrou nie kan doen nie. Sy vat altyd voor, sy word gerespekteer deur almal in haar span.

Hermien het 37 jaar se ondervinding by Vrugte, dit is kennis wat jy nie kan koop nie. Sy is hardwerkend, respektvol, passievol en 'n steunpilaar by Pakmateriaal. Dankie Hermien vir jou getroue ondersteuning en lojaliteit.

"I CAN'T THINK OF ANY BETTER REPRESENTATION OF BEAUTY THAN
SOMEONE WHO IS UNAFRAID TO BE HERSELF." EMMA STONE

LE-MARÉ VAN NIEKERK

Le-Maré is 'n anker en staatmaker van die Bedryfspan. Sy is 'n mamma, eggenoot en beroepsvrou wat haar werk met professionaliteit aanpak. Sy kan saampraat met ons manne se Maandagoggend-sport praatjies, maar skroom nie om enige een op sy plek te sit as dit nodig is nie. Le-Maré bring balans in ons span met haar oopkop denke. Sy pak moeilike sake reguit en met integriteit aan, sonder om draaitjies te loop.

Le-Maré, ons waardeer die belangrike rol wat jy in ons span speel. Jy is beslis 'n aanwinst!



KARIN SWART

Karin is dame wat na 30 jaar steeds vas staan op Dutoit en haar waardes. Haar geloof lewe sy uit in haar werk en beïnvloed die mense rondom haar deur 'n voorbeeld te stel.

Karin is 'n raakvatter en kry dinge gedoen. Sy neem almal rondom haar in ag en is voorwaar 'n staatmaker.

Betroubaarheid, lojaliteit, ordelikheid en menswaardigheid is die middelpunt van haar mens-wees. Tesame met God stap sy die Dutoit pad.



ELMARIE SWART

Elmarie is die Vitrax-Koningin by Vrugte se ontvangs. Sy is stil en ongelooflik trots op haar werk. Haar familie is vir haar baie belangrik en sy is in baie opsigte vir ons 'n voorbeeld.

Elmarie speel 'n belangrike rol in die afdeling. Sy is 'n steunpilaar vir almal en is beslis 'n groot aanwinst vir Dutoit.

Ons is geweldig trots en bevoorreg om jou as deel van ons span te hê. Dankie vir wie jy is en moet nooit verander nie.





YOUTH DAY

SADIE'S BUBBLE OF YUM

You know what they say with an apple a day... I'm so excited to share with you some easy and delicious apple treat inspiration, one perfect for summer and another an absolute must for winter! Our friends at Dutoit have sent over some of their mouth-watering apples. They literally have an apple for all sorts of things, from baking and blending to the perfect salad accompaniment and honestly the list goes on.

My kids and I are definitely all-year-round ice-lolly eaters so when we got our hands on a bag of the oh-so-juicy Dutoit Golden Delicious apples, we just had to make some Golden Delicious Apple Ice-Lollies!

This is such an easy way to get your kids to have their apple a day and it's so easy! We simply popped four apples into the juicer, poured the juice into 6 lolly moulds and voila!

So healthy and so yum, pure apple lollies!

Visit www.sadiesbubbleofyum.com for the full recipe.

APPLE PIE DAY

THE SWEET REBELLION

In the spirit of celebrating this delicious, comforting dessert I developed an Apple Pie recipe with a twist. Replacing the pastry on top with a lattice of toasted meringue not only looks uniquely beautiful but adds an unexpected textural element. My favourite thing about this pie though is that the apples are 100% home-grown in South Africa by Dutoit Agri





Dutoit Agri produces over a dozen apple variants, each with its own distinct appearance, flavour and texture (and there are a few more exciting cultivars in the pipeline!). The five key variants that we all know and love are Top Red, Golden Delicious, Royal Gala, Granny Smith and Starking.

Next time you pass through the apple section at Pick n Pay, consider the amazing versatility of this fruit. They are equally delicious used in a salad, made into apple sauce, added to a cake or dessert, as a sweet lunchbox treat, blended into a smoothie, juiced, as a quick on-the-go snack or even in your turkey stuffing.

For now though, it's all about paying homage to the Apple Pie. I chose @dutoit_agri Top Red apples for this recipe, as I love the super-sweet taste and juicy flesh.

Visit www.thesweetrebellion.co.za for the full recipe.

Buy your Dutoit apples from select Pick n Pay stores.

THE FOOD FOX

I adore apples in every shape and form – tart and crunchy, sweet and juicy, fresh, baked, caramelized, stewed – the works. They're the easiest lunchbox treats, the most convenient quick snack, the humblest dessert ingredient that never disappoints.

I teamed up with Dutoit Agri to create my favourite "apple pie" inspired dish – they said it could be a pie, a smoothie, a sweet treat, anything derived from the humble yet classic apple pie. I was extremely keen to create an actual pie, especially after recently visiting one of the Dutoit Agri apple farms in the Koue Bokkeveld in April this year. It was eye opening to see the vast orchards, treated with the utmost care and respect by generations of farmers, the fruit ripe and plump and wholesome. I understood in that instant that the humble apple played an indispensable role in our South African community, and that the family business that is Dutoit Agri is key to many household's basic nutritional intake.

Here is my take on the classic apple pie that can take on so many jackets: an apple caramel pecan pie – a fruit-focused pie made with a combination of Dutoit Agri's Granny Smith and Golden Delicious apples, steeped in a brown sugar liquid, swirled with caramel treat and pecan nuts, baked in a flaky buttery pastry casing, topped with beautiful lattice pastry strips. The result is something between a pie and a pudding.

This recipe is something between a traditional American-style chunky apple pie, a French-style finely sliced apple pie and a caramel pecan pie. It might not behave neatly when sliced (and rightly so).

Visit www.thefoodfox.com for the full recipe.





COVID-19 INENTING

MARIETTE LE ROUX

Dutoit is baie dankbaar dat ons MOU met Dept Gesondheid ook daartoe gelei het dat ons eie klinieksusters ons mense op groot skaal kon vaksineer.

Op daardie manier is baie onkoste en moeite vir werknemers gespaar deurdat hulle nie in die lang toue in die dorpsklinieke hoef te staan nie. Dit het ook die afdelings baie gehelp omdat afwesigheid weens die inentings tot die minimum beperk is.

Die operasie het heelwat logistiek geverg, maar onder leiding van Sr Kotze en haar span het alles seepglad verloop. Die span het bestaan uit ons Dutoit Wes-Kaap Klinieksusters, gesondheidswerkers wat goedgegunstiglik deur afdelings afgestaan is om te help met "screening" en monitering en vier dames wat met die admin moes help. Ook hier het Tandfontein, Kromfontein en Die Hoofkantoor se Menslike Hulpbronne afdeling saamgewerk om mense beskikbaar te stel.

Afdelings moes vooraf alle werkers wat die vaksine wou ontvang, registreer, want daarsonder kry niemand toegang tot inenting nie. Wanneer die werknemers op die inentingsdag opgedaag het, is hulle eers ondervra (ge"screen") om seker te maak dat hulle nie op die dag siekerig voel nie, want dit is nie die ideale omstandighede om inenting in te ontvang nie. Daarna moes hulle aanmeld by die dames wat hulle besonderhede op die EVDS stelsel (van die Dept Gesondheid) geregistreer het en die inentingskaartjie uitgereik het. Daarna val hulle in by die ry vir die inspuitings. Sr Brumilda het elke dag die inenting vir die dag by die hospitaal apteek gaan optel.

Daar is begin by Tandfontein begin, daarna Dutoit Vrugte en toe Dutoit Groente, waarna Dutoit Houtnywerheid en Crispy se werkers ook gevaksineer is. Van-daar is na die landgoedere toe uitbeweeg.

Daar is in die ouderdomsgroep 35 – 60 ±2100 inenting toegedien en daar is selfs tot by die bejaardes op die landgoedere se huise gery om toe te dien. Hierdie proses was pas klaar, toe die inentings vir mense van 18 – 34 oopgestel is, daarom begin ons nou weer van voor af!



Die span sê ook baie dankie vir die moeite wat Afdelings gedoen het om alles glad te laat verloop, van die inrig van die lokale tot die beskikbaar stel van die spanne en veral ook vir die verversings waarmee die span bederf is.





MANDELA DAG

Versoeningskoon en oudpresident Nelson Mandela se ideale van demokrasie, vryheid en opvoeding is wêreldbekend. Die jaarlikse Mandela-dag word internasionaal op 18 Julie, Madiba se verjaarsdag, gevier.

Ter viering van Mandela-dag vanjaar het verskeie Dutoit plase koppe bymekaar gesit om in hulle gemeenskap 'n verskil te maak.

OOS-KAAP - GEORGE BOKKIES GIVERS FOR THE COLD (OOS-KAAP)

Hierdie projek het reeds in 2016 afgeskop. Die doel is om jaarliks vir al ons skoolgaande kinders van die Dutoit plase in die winter aan 'n mussie, serp en handskoene te voorsien. Tydens die opname vanjaar het ons aan ongeveer 90 kinders items voorsien.

Ek wil almal bedank vir hulle poitiewe gesindheid en bydraes om van die projek 'n sukses te maak. Die bydraes is van vrywilligers ontvang wat vanaf Ceres tot in Jeffreysbaai hul breipenne uitgehaal het.

BOEKE - SPEELGOED PROJEK

Ons fokuspunt is om kinders op verskeie Dutoit plase aan opvoedkundige boeke en speelgoed te voorsien. Die Boeke-Speelgoed Projek is om 'n kultuur van lees by ons kinders te begin. Ons kon drie bokse vol boeke aan die plase skenk en die projek sal gedryf word deur die Gesondheidswerkers.

WES-KAAP

KBV ECD GIFT PACKS

We reflect on the words of our beloved Madiba - "a society that does not value its older people denies its roots and endangers its future. Let us strive to enhance their capacity to support themselves for as long as possible and when they cannot do so anymore, to care for them." The creches at various Dutoit farms worked alongside the KBV ECD forum to treat the elderly in the area with gift packs consisting of items such as roll-on, toothpaste and soap. Thank you KBV ECD for driving the initiative in our area.

PAARDEKLOOF

Ons het uitgereik na die weerloses in ons gemeenskappe. Ons bejaardes het 'n enorme bydrae gemaak in die ontwikkeling van ons plase om hulle op die huidige vlakke te kry. Ongelukkig voel

hulle soms dat ons van hulle vergeet het. Daarom het ons besluit om vir hulle ook weer 'n slag bietjie spesiaal te laat voel. Ons het hulle met 'n wegneem ontbyt en groente bederf. Baie dankie aan ons borge vir hulle ondersteuning om die projek suksesvol te kon maak. Baie dankie ook aan die jeuggroepie wat met die voorbereiding en oorhandiging gehelp het. Deur hierdie uitreik aksie het ons die bejaardes herrinner dat ons nooit hulle bydraes en insette op ons plase en in ons gemeenskappe sal vergeet nie.

LINDESHOF

31 Bejaardes kon elk 'n bordjie met koek ontvang en dit is by hulle huise afgelewer. Die bewaarskool is betrek en het vir die bejaardes gesing en gediggies voorgedra.





BEWAARSKOLE ONS TROTS

MARIETTE LE ROUX

Dutoit Bestuur het vroeg reeds besef dat ons Landgoedere bewaarskole nodig het sodat mammas met gemoedsrus kan gaan werk in die wete dat hulle babas, peuters en kleuters veilig en goed versorg is. Volgens die Kinderwet moet alle bewaarskole wat meer as ses kinders akkommodeer, egter geregistreer wees by die Departement Maatskaplike Dienste.

Hierdie is 'n omvattende diens en ons wil vandag ook baie dankie sê vir die hardwerkende dames op die landgoedere wat as koördineerders optree. Hulle moet seker maak dat die bewaarskole aan al die reëls en regulasies voldoen wat betref inrigting, leerplanne, voedselvoorsiening volgens munisipale regulasies, brand- en noodplanne en vele meer. Hulle moet ook die voorrade aankoop en gereeld aan die Departement verslag doen oor al die voldoeningsvereistes.

Die Departement vereis dat alle bewaarskooljuffrouens ten minste die "Early Childhood Development" program op vlak 1, maar verkieslik vlak 4 voltooi het. Ons het reeds ver gevorder hiermee en het selfs al 'n juffrou wat haar vlak 5 voltooi het – Lock Rhode van Lindeshof. Jacky Scholtz van Jack en Jill is ook tans besig met haar vlak 5 opleiding.

Ons maak ruim gebruik van die dienste van Leer en Leef wat ons getrou bystaan met leiding. Aanvanklik was hulle werksaamheid daarop gerig dat ons geakkrediteerde leerplanne volg, maar hulle werk het ook uitgebrei om sekere funksies namens die Departement Maatskaplike Dienste uit te voer. Hulle verleen ook bystand met die registrasieprosesse. Ons bewaarskole volg gevolglik die Leer- en Leef- onderrigprogramme, wat gerig is op die stimulasie van ons kinders op intellektuele, sosiale, geestelike en liggaamlike terreine. Die dag begin gewoonlik met 'n geestelike inslag, waarna oorbeweeg word na die res van die program. Die leerprogram is goed nagevors en gemik op die stimulasie en skoolgereedheid van ons kleuters.

Ons bewaarskole in die Koue Bokkeveld, sowel as Coshla, (Crispy Farming) is ook almal lede by die Koue Bokkeveld Vroeë Kinderontwikkelings Forum. Hulle kom gereeld bymekaar, werk 'n program vir die jaar uit, wat allerlei skakelings met ander bewaarskole insluit, byvoorbeeld 'n juffrou-uitruildag waar juffrouens by mekaar kan leer, asook in interatletiekbyeenkoms. Hulle werk nou saam met Witzenberg Munisipaliteit en Kaapse Wynland Distriks Munisipaliteit. Opleiding soos Noodhulp Opleiding; Kokke Opleiding; Ouerskap Opleiding; Hoofde Opleiding; Fire Safety Opleiding. Deur middel van die Forum is ons bewaarskole en nasorgsentrums deel van die "Wêreld Hardop Leesdag". Al die Bewaarskole en Nasorgsentrums is ook jaarliks, dmv die Forum, betrokke by 'n Mandeladag Projek...hierdie jaar is daar skenings gemaak aan Huis Maudie Kriel, Huis Peter Strauss, Nagskuiling, Ceres Provinsiale Hospitaal en Hamlet Selfsorg se bejaardes. Met ander woorde dit is belangrik dat die kinders leer dat daar aan die gemeenskap iets teruggegee moet word. Aan die einde van die jaar reël die Forum of 'n uitstappie vir die Juffrouens of 'n deftige erkenningsgeleentheid word vir hulle aangebied. Hierdie jaar bied die Forum ook 'n Kuns "eisteddfod" aan met die tema "In die Lug"; waarin die Graad 1 - Graad 3 leerders kan deelneem.

Ons bewaarskole het ook elk hul eie beheerliggame wat ook van tyd tot tyd fondsinsamelings doen. Dit is nodig om die tariewe bekostigbaar te hou. Ons kry wel staatsubsidies, maar daar is streng voorskrifte oor hoe dit aangewend moet word. Die ekstra geld word dan aangewend vir dit waarin hierdie subsidies nie kan voorsien nie.

Dutoit het tans bewaarskole op: Kromfontein, Lindeshof, Tandfontein, Paardekloof, Vastrap, Nooitgedacht, Excelsior asook Meulrivier, Damplaas en JG Stewart. Insluitend Crispy se bewaarskool, is daar 47 personeel en ongeveer 166 kinders betrokke, hoewel die getal kinders kan wissel volgens die seisoene. 'n Verdere ongeveer 200 kinders maak daaglik van die nasorgdienste gebruik.

Met die uitsondering van Nooitgedacht, het die meeste bewaarskole ook 'n nasorgsentrum. Die doel is dat kinders na skool veilig daar kan bly en ook met hulle huiswerk leiding kan ontvang, sodat mamas se fokus saans op gesinstyd kan wees sonder om nog bekommerd te moet wees oor huiswerk wat gedoen moet word.

Ons juffrouens en koördineerders doen 'n ongelooflike werk om vir die kinders 'n goeie fondasie in skoolgereedheid en die vestiging van goeie waardestelsels te gee. Ons sê vandag vir hulle baie dankie vir hulle toewyding en die liefde waarmee hulle hierdie werk doen.



BEWAARSKOOL EN NASORG (EXCELSIOR)

Ragel Jonkers is aan stuur van die bewaarskool by Excelsior en sien soggens om na die peuters en middag na die kleuters. Ragel sê dis vir haar 'n roeping en is sy onvoorwardelik lief vir die kinders wat die ouers in haar sorg laat.

"Dis 'n riem onder die hart as ek soms daar gaan kuier en sien hoe die kinders hulle arms uitsteek vi haar om hulle op te tel." Theresa Pienaar



MINA MOO (LINDESHOF)

Ons visie is om seker te maak dat ons kinders kwaliteit opvoeding en versorging ontvang. Ons het een doel voor oë en dit is om 'n veilige hawe te skep vir ons gemeenskap se kinders. Ons is verantwoordelik om ons kinders fisies, intellektueel, emosioneel, sosiaal en geestelik op te voed sodat hulle as leiers in die samelewing kan uitstaan.

Ons nasorgafdeling maak ons trots, want vandat dit tot stand gekom het, het ons kinders op primêre en sekondêre skool goed presteer. Ons is ook trots op ons nasorg lied met die volgende woorde:

Die nasorg is lekker, die nasorg is cool. Hier leer ons, hier speel ons, hier streef ons na bo. Dis die plek waar ons leer om mekaar te verdra, met juffrou wat altyd iets het om te vra.

Die Mina Moo personeel is so bevoorreg om hulle vlakke 1, 4 en 5 onderskeidelik by Boland Kollege te kon voltooi het. Ons is dankbaar vir Dutoit Agri wat vir ons daardie geleentheid geskep het. Dit het ons kennisveld in die Vroeë Kinderontwikkeling verbreed. Die opofferings wat ons moes doen om die kwalifikasies te verkry, was die moeite werd!



JACK & JILL (CRISPY)

Ons sien ons werk as uitdagend, want om by 'n Bewaarskool te werk is nie net om na kinders te kyk nie, maar hulle op te voed en gereed te kry vir die volgende ontwikkelingsfase. Ons wil graag 'n verskil maak in elkeen se lewe. Ons moet elke kind individueel leer ken, sodat ons by sy spesifieke ontwikkelingsbehoeftes kan aanpas.

Ons wil ook seker maak dat elke kind se magie gevul is en dat elke kind gelukkig is. Ons geniet dit om die kinders te stimuleer en te sien hoe hulle ontwikkel. Ons fokus ook daarop om elke kind gereed te kry vir skool, sodat hulle uiteindelik volwasse persone kan word wat 'n verskil in hulle samelewing maak. Ons poog om kinders só op te voed dat hulle as volwassenes kan presteer.

Jack & Jill huisves babas van 3 maande tot 6 jaar en die nasorgafdeling huisves kinders van Graad 1 tot 7.

FOTO: Johanna Manuel, Sarie Franse, Phillidene Titus, Jacoline Scholtz, Amoure Jantjies, Wilmarie Josef, Maria Matthys.

BABEL & KRABEL (KROMFONTEIN)

Die personeel by Babel & Krabel motiveer projekte wat die kinders kan motiveer en voorberei vir die toekoms. Die span is dankbaar teenoor Kromfontein en Dutoit wat vir hulle die omgewing skep.

Nasionale Kinderbeskermingsweek was vanaf 30 Mei tot 6 Junie, ons het groen strikkies gedra om te wys dat elke kind die reg het om in 'n veilige omgewing groot te word. Chrisna du Toit het met die 2 groepe kom gesels en hulle meer bewus gemaak van hulle elkeen se reg op veiligheid en om gerespekteer te word.

Dit is jou liggaam en jy het die reg om "NEE" te sê.

Die kinders is geleer dat hulle 'n kruis moet maak oor al hulle privaatdele en onthou dat dit privaat is.

Niemand mag daarna kyk nie, Niemand mag daaraan vat nie en Jy mag ook nie dit aan ander doen nie.



WOELWATERS BEWAARSKOOL PAARDEKLOOF



Gertruida Swarts
(Kok en toesig namiddae)

Met die toegewydheid, passie en baie liefde berei ek elke dag se maaltye voor met 'n glimlag en 'n lekker gevoel in my hart. Net die waardering en dankie sê van die kinders is genoeg vir my. Ek geniet vreeslik wat ekke doen.



Katriena Franse
(Babba Juffrou)

Ek is baie bevoorreg om met die babas te kan werk. Ek put plesier uit, uit elke baba se grille, giere en geite. Ek sien elke dag uit om deel van hierdie bondeltjies vreugde te wees. Elke dag saam met hulle is 'n nuwe begin en ek geniet dit vreeslik.



Ansie van der Westhuizen
(Skoolhool | Peuter en Nasorg Juffrou)

My werk is my roeping, Ek staan in die diens waar ek my onvoorwaardelike uitleef. Elke kindjie sowel as personeel, het sy spesiale plek in my hart. Die mooi van my werk is nie hoe gelukkig ek is nie, maar hoe gelukkig die kind of personeel lid is as gevolg van my. Ek is die spieël wat my kollegas, ouers en kinders na kyk.



Ilze Stuurman
(Kleuter en Nasorg Juffrou)

My werk is vir my van totale belang. Dit is vir my lekker om met die kleuters te werk, te leer, te stimuleer en deel van hul vormingsjare te wees. Ek is dankbaar om 'n verskil te maak in die Nasorg ook.



Maria Jiemies
(Skoonmaker | Hulp by al die klassies)


Skoon maak is vir my lekker, want so sorg ek dat ek elke dag iets doen vir die kinders en personeel. Ek doen dit met 'n glimlag op my gesig en geniet die waardering wat ek daarvoor kry. Ek geniet dit ook om saam met die kinders te wees.

PIETER JACOBUS CORNELIUS STASSEN

18/08/1946 – 08/08/2021

Dr Piet Stassen was een van die Suid-Afrikaanse Sagtevrugtebedryf se grootste Steenvrugkenners tot op hede. In sy later jare, na sy amptelike aftrede, was Piet veral bekend gewees vir sy talle Steenvrugonderstam evaluasie proewe en die byna ensiklopediese kennis van die onderstamme wat hy daaruit verkry het.

Minder mense weet dat Piet vir sy PhD (Stellenbosch Universiteit) grondslag werk gedoen het op die koolhidraatstatus van Steenvrugbome. Die voedingstatus van sagtevrugte en subtropiese bome het regdeur sy loopbaan een van Piet se fokuspunte gebly – dit was ook die vakgebied waarin hy aan die Universiteit van Stellenbosch doseer het. Buiten vir sy PhD, het Piet ook 'n tweede doktorsgraad (Universiteit van Pretoria) verwerf in erkenning vir sy werk op die verbouing van rooibostee. In sy tyd by die LNR in Nelspruit, het Piet baanbrekerswerk gedoen op die hoër digtheid aanplanting, opleistelsels en snoei van Mango's en Avokado's.



Piet was 'n geduldige en gewaardeerde leermeester en raadgewer vir vele studente en jonger kollegas gedurende sy loopbaan aan die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat, LNR Infruitec-Nietvoorbij en LNR Instituut vir Tropiese en Subtropiese gewasse. Wanneer ek langs 'n hoë presterende Steenvrugboord staan, veral ene wat op die regte onderstam geplant is en goed bestuur word, gaan ek vir Piet onthou. Sy groot bydrae tot ons bedryf, maar veral ook die tipe mens wat hy was, die manier waarop hy sy kennis oorgedra het en die manier waarop hy blymoedig en voluit gelewe het.

Wiehann Steyn

DIE BRANDERRYER

Piet Stassen 2019

Die lewe kan vergelyk word met die oseaan. Dit kan onstuimig en baie stormagtig raak, enorme deininge maak of plat en rustig wees maar nooit sonder beweging nie. Stilstand is nie deel van die oseaan se karakter nie. Daar is te veel energie betrokke. Op die oseaan is daar branders. Partykeer is hulle klein ander kere baie groot en soms net reg. Hierdie branders is nooit een oomblik dieselfde nie. Gister se branders sal nooit weer wees nie en môre se branders is onbekend. Die mens is 'n branderryer op die oseaan. Jy kan slegs die huidige branders probeer benut. Jy kan nie wens of bid dat hulle perfek, kleiner of groter moet wees nie. Hulle word begrens binne magtige natuurkragte en wette van beweging.

Ons wense en gebede kan dit nie verander nie. Ons kan wel bid vir krag om die grotes te bemeester en vindingrykheid om die kleintjies ten beste te benut. Die branders word nie meganies gemaak nie. Die natuur werk nie robotmatig nie daarom verskil elke brander van die vorige en van die wat nog gaan kom. Verskuiwing van die oseaanvloer of kragte van aardbewings mag soms branders maak wat mense sal verswelg. Ook dit is deel van die oseaan. Tog sal die oseaan nooit leeg raak en ophou om branders te maak nie. Die oseaan sal nooit ophou bestaan nie want dit is die bron van bestaan. Elke mens is toegerus met vaardighede, insigte, kragte en energie om branders te ry. Sommiges het borde nodig ander ry hulle bloots. Sommige mense bly in die vlakwater waar hulle veilig voel ander durf die diepere waters aan. Van tyd tot tyd sal die baie groot branders jou rol en seermaak. Jy raak gedisorïenteerd en snak na asem. Tog is dit die branders wat jou uitdaag.

Baie keer trek branderryers agter die sogenaamde perfekte branders aan. Dit is ook goed solank daar onthou word dat daar nie net perfekte branders op die oseaan is nie. Die geheim bly altyd om die beskikbare brander te benut en soveel moontlik genot en ervaring daaruit te put. As jy buite op die sand gaan sit verloor jy jou doel as branderryer en kan jy nie meer die krag, genot en uitdagings van die branders ervaar nie. Jy mag treur oor mede branderryers wat nie meer daar is nie maar moet nie op die strand gaan sit nie dan raak jy 'n toeskouer. Die oseaan is groot en ons is klein. Die oseaan is vir ewig en ons net baie kortstondig. Die oseaan is soms vaal en triestig, dan weer kalm, blou en helder.

Wees tevrede met die omstandighede van vandag en vind plesier in die branders om jou. Solank jy 'n branderryer is moet jy branders ry. As jy afval, benut die volgende een. Wees altyd verwonderd oor die oseaan en die feit dat jy die voorreg en geleentheid het om van die branders daarop te kan ry. Elke oomblik is 'n wonderwerk wat benut moet word. Hou op soek na die ideale brander en ry solank die wat daar is sodat jy nie die ideale een mis nie. Onthou ook dat daar 'n tyd gaan aanbreek wat jy as branderryer sal ophou bestaan. Dit is ook deel van die oseaan wat nooit tot rus sal kom nie en jou nie gaan mis nie. Nuwe ryers sal oorneem by jou. Moet egter nie die oseaan verlaat sonder die gevoel van onbeskryflike vergenoegheid nie.

Wat 'n wonderlike ervaring wat elke mens moet aangryp. Watter bruisende gevoel van ongelooflike opwinding is dit nie om 'n branderryer te kon wees nie. **Moet nie treur nie maar sê dankie en gaan in vrede.**

REDAKSIE: Runei Kotze

Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

KORRESPONDENTE: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Mari van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

REDAKSIONELE BELEID: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.